

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Waar en hoe werk die Gees van God?

Skriflesing: Numeri 11:24-30 (1953)

Brood vir die pad

Vir 'n pa

Gisela Ullyatt

Junie is die maand van pa's; 15 Junie is Vadersdag. Jaar na jaar word egter dieselfde sotlikhede op winkelrakke en spesiale uitstallings opgestapel om die skuldige gewete aan te spreek: oorsoet sjokoladetjies en geroosterde neute, die ewige knipmes; wintersokkies. Tydskrifte adverteer glansgeskenke soos 'n peperduur biltongsnyer. Bekendes word glansend saam met pappa afgeneem en soetlike goedjies word gesê oor hulle volmaakte *dad*.

Maar as jou Junie begroting reeds klaaglik misluk het, kan jy natuurlik altyd 'n beker met 'n gedrukte flou grappie/cliché koop (hopelik nie tweedehands nie) en dit opvul met 'n pers Simba-pakkie grondbone-en-rosyntjie mengsel. Of dalk 'n bierbeker gaps by die *Oktoberfest* vir volgende jaar se *Vatertag*.

Hoe dit ook al sy: Junie is die maand van *daddy*. Die vaderfiguur is een van die bitterste beelde in die poësie. Verder is gedigte oor vaders een van die mees oorwoë temas in die digkuns: alle digters het 'n vader of 'n gebrek aan een.

Stanley Kunitz se "The portrait" (1985:296) getuig van die gebrek aan 'n vader-figuur; die gedig is geperforeer deur 'n disfunksionele familie-dinamika. Ironies genoeg dra die absolute fisiese afwesigheid van die pa daartoe by dat hy in elke ander aspek die lewens van sy gesin oorheers. Die ma, deurdrenk van woede, probeer alles om hom vir goed uit hulle lewens te verban, maar spoke laat hulleself nie verban nie. Die feit dat hy wel geleef het, kan dus nie ontken word nie:

My mother never forgave my father
for killing himself,
especially at such an awkward time
and in a public park,
that spring
when I was waiting to be born.
She locked his name
in her deepest cabinet
and would not let him out,
though I could hear him thumping.
When I came down from the attic
with the pastel portrait in my hand
of a long-lipped stranger
with a brave moustache
and deep brown level eyes,

she ripped it into shreds
without a single word
and slapped me hard.
In my sixty-fourth year
I can still feel my cheek
burning.

Disfunksie in die familie-eenheid word baie maal vereenselwig met die "sonde van die vaad're". R.D. Laing, ghoeie in die anti-psigiatriese beweging, noem hierdie disfunksie wat oorspoel van generasie na generasie "the transgenerational transference of neuroses". Die Amerikaanse digter, Charles Olson, som hierdie filosofie onomwonde op in sy gedig oor vaders en seuns:

and if I am his son, this man
is from as far a place and time
as yours is, carries with him
the strangeness you and I will carry
for our sons, and for like reason

Hierdie inter-generasionele verwondheid word veral in Johann de Lange se oeuvre aangespreek; bundels soos *Snel grys fantoom* (1986) en *Die algebra van nood* (2009) bevat roerende gedigte oor 'n meestal afwesige maar dwelmverslaafde vader. In "Pa" (2010:36) word die pa-figuur opgeroep in messelaar-en-cowboymetaforiek. Die Anne Sexton-motto omsluit die motief van vergifnis wat herhalend in die gedig "Maar ek vergewe jou" gebruik word. Die vyfde strofe staan veral uit vanweë die uitsigloosheid van die pa se dwelmhel juis omdat dit die verskriklike vervreemding en skeur tussen pa en seun daarstel:

Ander aande het jy mandrax gedrink
& vroeg gaan slaap, moeg,
die woonstel onherbergsaam gemaak
met jou hortende asem. Die kroeg,
enklave waar jy kon ophou kwel,
het sy grys vergetelheid geskink.

In "Petidiendroom" (2010:119) wil die pa intimiteit tussen ouer en kind skep met 'n petidien-ampule, iets wat helaas godsonmoontlik is:

Ek loop my pa ná jare raak
& hy probeer weer vrede maak.

Hy gee vir my 'n smal ampule –
verdowing met 'n streng skedule,

& hoop dit sal ons nader bring
soos die naald intiem deur weefsel dring.

Ek soek koorsig na 'n plek om te gebruik,
maar orals vind ek oë, & plekke wat na oorskot ruik.

Die versugting na versoening, na heelmaak van die verskerfte en versplinterde pa-kind dinamiek word ook gesien in Lucas Malan (16) se "Versoening":

Ag Pa, laat ons nou vrede maak;
jy raas so in jou kis,

jy skaaf so aan 'n kwas
wat lankal reeds vergete is [...]

en jy't jou hawer nooit gesaai nie –
net so min het ek miskien geword
wat Pa dalk wou, maar nietemin,
die saad is klaar gestort

Wyle George Weideman skryf 'n reeks gedigte oor sy pa onder die hoofopskrif “Homo Faber” (*Uit hierdie grys verblyf*:1987). Die subtitel – portret van 'n alchemis en sy werkplek” – is veelseggend en sluit aan by *homo faber* wat losweg uit die Duits as ‘die mens as produsent’ vertaal kan word. Dit sou interessant wees om te weet of Weideman Max Frisch se roman, *Homo Faber*, as vertrekpunt geneem het. Weideman se “Homo Faber” is opgedeel in sewe gedigte: (*wyding*); (*interieur*); (*transmutasie*); (*feniks*); (*konjunkties*); (*sublimasie*), en (*slot*). Ongelukkig is daar nie spasie in hierdie blog om aandag aan elke afsonderlike titel te skenk nie; 'n aparte blog (of eintlik artikel) sal hieraan gewy kon word.

Wat egter duidelik as baken in hierdie gedigte dien, is die vader as skryner of produsent ('homo faber'), iemand wie se werkspasie 'n “heiligheid” (59) was waar teen “die mankolieke deur” die spreker hom verbeel die volgende woorde opgeplak is: “*strictly private. moet asseblief nie steur/ nie. eintlike verboden*”. In (*feniks*) het die pa “'n duisternis apparaat” en begin die spreker reeds verval in sy pa opmerk: “al krommer /wordend, my monnik-pa aan't vonke slaan” (62). Die pa se opgaarsels begin dien as simbole teen die ouderdom, verlies en eindlike dood (*sublimasie*)(64); dit dien ook as afbakening van persoonlike grense; isolasie:

wat vergaar kon word teen die ouderdom:
vragte onvoltooide take wat vreug
en frustrasie bring

En dan kulmineer die reeks verse in (*slot*) waar die pa triomfeer, vry word van die oorlaaide opgaarder “homo faber”, gepuur word tot pa-as-feniks en dan simbolies die vlinder in homself vrylaat (65):

uit die grys verblyf durf 'n feniks kom:
aanvanklik nog net 'n moontlikheid
daar rond [...]
dan word die lyf
ligweg tussen die vlerke ingeskuif
en vasgeheg. en florissant verskyn
pa, weliswaar gehawender, triomfantlik
uit die hoogoond. Hy laat die vlinder vry.

Olga Kirsch skryf ook 'n reeks gedigte oor haar vader, getiteld “Vyf sonnette aan my vader” (1972). Die vyfde sonnet vergestalt die Joodsheid van die pa soos gesien deur vroeë kinderherinneringe aan die sinagoge, God en gebedsjale (1990:375):

Toe ek nog klein was het ek aan jou sy
gestaan in die sinagoge en gevolg
terwyl jou vinger langs die letters gly
van woorde wat ek nog nie kon vertolk.
Die kantor hef sy stem op, yl en soet
wierook die lied omhoog. Rooi, geel en blou
slaan vlamme uit die ruit hom tegemoet –
sou die Voorsienigheid Sy guns weerhou
wanneer daar so gesmeek word? En jy vou

jou syige gebedsjaal weg en hou
jou arm om my en ek staan gedruk
vas teen jou knie en bewe van geluk.
Swaar stemme styg in stadige akkoorde –
Oomblikke veertig jare sonder woorde.

[...]

Joan Hambidge se oeuvre is deurspek van gedigte wat aan haar pa opgedra is en sy skryf só oor hierdie tendens in *Dad* (57), 'n bundel wat spesiaal oor haar pa geskryf is na sy dood:

“Reeds vanaf my debuut *Hartskrif* (1985) skryf ek oor my vader [...] My vader as gespreksgenoot, as spieë, as iemand teen wie ek my kon meet. Op sy manier 'n man wat weens sy werk dikwels verplaas is – dit verklaar waarskynlik my obsessie met reis. As kind van die depressie het hy swaar groot geword en daar was dikwels bitterheid oor sy grootvader se hantering van sy vader Frank. Hulle is uit 'n plaas verneuk”.

Toevallig lees ek die deel (ook in *Dad*) waar Joan oor haar pa se familieverbintenis met Maggie Laubser skryf (Hannah Laubser, sy moeder, was Maggie se suster) op dieselfde dag toe ons 'n skilderytjie van Maggie Laubser laat waardeer. Dié waterverf is vergeel in sy broosheid (en broosheid) en is inderwaarheid 'n bladsy uit een van haar sketsboeke. Groot was ons verstomming toe die bladsy uit sy ewe brose raam gelig word en aan die agterkant 'n horde potloodsketse van katte gevind word!

Om dus aan te sluit by hierdie broosheid van die vergeelde Maggie Laubser, haal ek die volgende gedig, “Tien” (50) aan uit *Dad*, wat nie net in gesprek staan met die internet as interteks nie, maar ook met Maggie Laubser:

Die webruimte na jou weier
halsstarrig om oop te gaan.
Op elke soekruimte met google
staan ek voor dooimansdeur:
www.vader.com is tans onbeskikbaar.
Elke soekenjin wys my af,
gooi my uit voor 'n grys skerm.
Laat ek nou met die deur
in die huis val: die huis van my vader
had soveel kamers.
In jou klein heiligdom
hang foto's van jou as sportman,
'n kanon met 'n loodkoeël,
'n skildery (wat ons verpes) van die Sakekamer,
en 'n beeld van 'n klei Bonsmara-bul.
'n Staalkabinet met papiere, agendas,
aktes en wat nog van die sekretaris
van vele komitees. Altyd tweede in bevel
'n Maggie Laubser-skets van jou as seun
wys jou weerloos op. 'n Groen brugtafel
vir Dinsdagaande, elke vierde week, by ons
staan langs 'n weggestoke drankkabinet met KWV.
En ek? Met besoeke slaap ek op die enkelbed
in die kamer waar jy alles opskryf, liasseer, behou.
Jou tweede kind, 'n andersoortige sekretaris,
soekend, wagtend dat die webruimte oopgaan.

<http://versindaba.co.za/2014/06/02/gisela-ullyatt-vir-n-pa>